HOËRSKOOL OVERKRUIN

STELWERK

DIE BROODNODIGE AFRIKAANSE SPELLYS MET OPMERKINGS

A	
Aartsvyand	Grootste vyand. Die voorvoegsel aarts- beteken "in die hoogste graad". [Aardsvyand is foutief want die woord het niks met die "aarde" te doen nie. Die woord vyand het ook nie 'n "h" in nie, al klink dit so wanneer 'n mens dit uitspreek.]
Aggressief	Aanvallend/bakleierig/strydlustig. [Gespel met 2 g's én 2 s'e.]
Akademie	Studie. [Dit word nie as "akedemie" gespel nie.]
Akkommodasie	Huisvesting/losies. [Gespel met 2 k's en 2 m'e.]
Al hoe meer	Meer en meer. [Dit word as drie aparte woorde geskryf, anders as die voegwoord "alhoewel".]
Al klaar	Reeds gedoen/afgehandel. [Dit word as twee woorde geskryf.]
Albei	Altwee./albei.
Alledaags	Baie gewoon. [Daar is nie 'n "r" in die woord nie.]
Ampersand	Die &-teken. ['n Mens kan nie die &-teken in 'n goeie Afrikaanse sin gebruik om die "en"-voegwoord mee te probeer vervang nie].
Angstig	Met angs vervul (bang)/vreesagtig. [Dit is verkeerd om te sê Jannie is angstig dat die vakansie moet aanbreek sodat hulle kan see toe gaan. Die woord moet dan "gretig" wees. Jannie is wel angstig omdat sy rapport môre uitgedeel gaan word.]
Aprilvakansie	Die vakansie na die eerste kwartaal. [Dit word altyd as een woord geskryf. Ook Desembervakansie ens.]
Arriveer	Aankom.
Australië	Dit is 'n kontinent in die Suidelike halfrond. Die kontinent lê tussen die Indiese Oseaan (wes) en die Stille Oseaan (oos). Die kontinent bestaan uit die land Australië en die eilande Tasmanië en Nieu-Guinee. [Dit is foutief en klink baie plat (onbeskaaf) as dit Australia gespel of uitgespreek word. Dit laat mens ook meer aan die Engelse uitspraak en skryfwyse dink.] 'n Inwoner van hierdie vasteland is 'n Australiër, nie NIE 'n Australianer nie.]
B	
Bang	Met vrees/angs vervul wees.
Benodig	Om iets nodig te hê. [Ek benodig nog geld om my motor klaar af te betaal. Dit is verkeerd om te sê: "Ek nodig nog geld om my motor af te betaal. Die be-voorvoegsel móét gebruik word.]
Bietjie	'n Klein hoeveelheid.
Boetie-hulle	Verwys na Boetie en die mense wat saam met hom is. [Ons verwys ook na Adriaan-hulle of Pa-hulle; onthou dan dat dit nie "pale" gespel word nie!].
Braaf	Deugsaam/betroubaar/goedgesind. Braaf beteken **NIE** dapper nie!! Dit is nie dieselfde as "brave" (Engels) nie.
Buitestander	Iemand wat niks met 'n saak te make het nie, is 'n buitestander. [Dit word nie met 2 a's gespel nie.]
By voorbaat	Vooruit. [By voorbaat is 2 afsonderlike woorde. Onderaan 'n sakebrief sê ons: by voorbaat dankie (3 woorde).]
D	
Daardie	(aanwysende voornaamwoord). [Daardie saak is nou afgehandel.]
Dapper	Sonder vrees. [Dit is NIE dieselfde as braaf nie.]

Darem	Nietemin/ewenwel/tog. [Pa het my darem laat gaan. Onthou Géén sin in Afrikaans kan met "darem" begin nie.]
Definisie	Noukeurige omskrywing van iets.
Definitief	Beslis/sonder twyfel/ongetwyfeld. [kyk mooi na die spelling: def**i**nitief.]
Desembervakansie	Die lang vakansie aan die einde van elke jaar. Vgl. Aprilvakansie. [Die maand en die woord "vakansie" word altyd vas in Afrikaans geskryf.]
Donderdagoggend	Gedurende of tydens die oggend van Donderdag. [Die vergadering word elke Donderdagoggend gehou. Weer eens word die dag se naam en die 2de woord in die samestelling vas (as een woord) geskryf.]
Drup	Die handeling van iets wat in die vorm van druppels beweeg. [Die bloed drup uit die wond/Die sweet drup van sy voorkop af/Dit drup elke aand (reën sag). Dit mag nie "drip" gespel word nie.]
E	
Eienaardig	Vreemd/snaaks.
Emosioneel	Met emosie gevul. [Sias lewer 'n emosionele toespraak.]
Enigeen	Elkeen/iedereen.
Enigiemand	Enige iemand/wie ook al.
Entrepreneur	'n Ondernemer wat iets bestuur of 'n nuwe rigting inslaan.
Eventueel	Moontlik. [Dit kan nie dien as vertaling vir die Engelse "eventually" nie. Dit beteken nie uiteindelik nie, maar MOONTLIK. Eventuele klagtes kan by die skoolhoof ingedien word.]
Ewe skielik	Onverwags/vinnig [2 afsonderlike woorde.]
F	
Familie	Groep bloedverwante/groep mense met dieselfde van. [Nie famielie nie.]
Fantaseer	Jou verbeelding die vrye loop gee (ww. Sandra fantaseer graag as sy verveeld raak.]
G	
Gaan	Jou willekeurig van een plek na 'n ander te beweeg. [Gaan het 2 a's en word nie "gan" soos in SMS'e of Whatsappboodskappe geskryf nie.]
Gebore	Om die lig te sien; gebore te word. [As jy "gebore" in die verlede tyd in 'n sin gebruik, gebruik jy IS en nie WAS daarmee saam nie: Ek **is** op die 10de Maart 1980 gebore. Gebore kry ook nie 'n kappie (gebôre) nie.]
Geëet	Die verlede tyd van eet.
Geloofwaardig	Iets wat geglo kan word/iets wat werd is om te glo.
Gevoelens	Die emosionele sy van iemand se karakter/gemoed. [Ons moet ander se gevoelens respekteer. NIE **gevoelings** nie.]
Gewelddadig	'n Daad wat met geweld gepaard gaan. [Daar is 2 d's omdat die woord geweld op 'n d eindig en daad weer met 'n d begin.]
Goeiemore	Manier van groet. [Net so goeienaand en goeiemiddag; altyd een woord.]
Goeiemôre	Oggend. ["Môre" kan met óf sonder die kappie geskryf word.]
Gretig	Graag/begerig/met lus en ywer. [Die kinders luister altyd gretig na mevrou Bezuidenhout se humoristiese vertellings.]
H	
Haai	'n Groot, gevaarlike roofsugtige seevis/uitroep van bv. verbasing of blydskap. [Haai, ek is bly om jou weer te sien! Die haai het 'n jong meisie aangeval; daarom is die water so bloederig. Dit is verkeerd om te skryf: "Hi, ek wil net vir jou sê dat ek jou mis." In laasgenoemde geval moet jy "haai" gebruik, anders is dit "hie" en daar is nie so 'n woord in Afrikaans nie.]
Haak	'n Omgebuigde staaf met 'n skerp punt om iets aan vas te maak. [skryf die volgende woorde tussen ***hakies*** (nie hakkies nie, omdat die grondwoord "haak" en nie hak is nie.]

Hak	Die agterste, onderste gedeelte van die voet. [My hak is seer van al die loop. Sy hakskeen is geswel. Amanda dra graag hoëhakskoene.]
Hallo	'n Woord waarmee 'n gesprek begin word of waarmee een mens 'n ander groet. [Hello is Engels, daar moet 'n a in wees.]
Hele	Iets wat onverdeeld is. [Gee hom 'n hele lemoen sodat hy tevrede sal wees.]
Herinnering	Die daad/proses van herinner. [Dit is nie herhinder of herhinner nie.]
Huis toe	Beweging in die rigting van die huis. [Altyd 2 afsonderlike woorde; so ook skool toe, winkel toe ens.]
I	
Interessant	Iets wat die belangstelling gaande maak, is interessant. [Gespel met 1 r en 2 s'e.]
J	
Jakkals	'n Hondagtige roofdier met lang bene, dik stert en spits snuit. [Dit is verkeerd om dit "jakk**e**ls" te spel, al klink die "a" nie duidelik/prominent nie.]
Japan	Japan is 'n eiland in Oos-Asië. Dit is geleë tussen die Stille Oseaan en die See van Japan, oos van die Koreaanse skiereiland, Sjina, en Rusland en strek van die See van Ochotsk in die noorde tot by die Oos-Sjinese See in die suide.
Japannees	'n Inwoner van Japan [Dubbel n.]
K	
Klaar	Iets wat afgehandel/verby is, of iets wat gedaan is. [Die kos is klaar en die inwoners begin van honger sterf. Dit kan ook helder beteken. [Die fonteinwater is klaar (dus helder).]
Klere	Afgewerkte materiaal wat dien as liggaamsbedekking. [Beskaafde mense dra altyd klere.]
Kleure	Meervoud van kleur wat in Engels "colours" is. [Die kleur van haar oë is soos die blou van die hemel.] Dit dui ook op eretoekennings bv. Annemarie het erekleure vir haar akademiese prestasie verwerf. Bertus het Springbokkleure in swem verwerf.
Kolonnade	'n Bekende winkelsentrum in die noorde van Pretoria. [Gepel met 1 l en 2 n'e.]
Kuier	Besoek aflê/vriendskaplike besoek aflê.
L	
Lafaard	Persoon sonder moed/bangbroek/papbroek. [Daar is nie 'n "h" in die woord nie, al klink dit met uitspraak so. Iemand wat lui is, is 'n luiaard en luihaard nie; verder: dronkaard ens.]
Lengte	Die afmeting van iets van een ent tot aan die ander ent. [Die lengte van haar rokke is skrikwekkend kort en veroorsaak altyd 'n verleentheid vir ander mense.]
Lente	Die jaargety (seisoen) wat die somer voorafgaan.
Leuen	Onwaarheid/liegstorie. [let op na die spelling: (l)eu**e**(n).]
Leun	Min of meer skuins teen iets anders steun. [Annemarie leun teen die boomstam.]
M	
Maandagaand	Die aand van Maandag. [Altyd 1 woord; Woensdagaand, Sondagaand ens.]
Ma-hulle	Ma en almal wat saam/by met haar is. [Male is beslis nie korrek gespel nie. Hierdie tipe koppelwoord kry altyd 'n koppelteken deur hulle gevolg. Vgl. ook Boetie-hulle.]
Massief	Baie groot. [2 s'e.]
Mislik	Om naar of siek te voel.
Misluk	Iets wat platgeval/skeefgeloop het (sleg afgeloop het), het misluk.
Moedeloos	Sonder hoop/sonder vertroue. [Daar is nie 'n **r** in die woord nie, want dit het niks met die stam "moeder" te make nie. Nadat ons die wedstryd verloor het,

	was ons baie moedeloos.]
N	
Namibië	**Namibië** (amptelik die Republiek van Namibië) is 'n land in Suider-Afrika waarvan die westelike grens die Atlantiese Oseaan is. Die land grens ook aan Angola en Zambië in die noorde, Botswana in die ooste en Suid-Afrika in die ooste en suide. [Dit is nie **Namibia** nie, aangesien dit Engels is. Vgl. ook Australië.]
Nasionaal	Eie aan 'n nasie/tipies van 'n volk/nasie. [Die Engels is na**tio**nal en in Afrikaans word 'n "s" en nie "tio. . " gebruik nie.]
Nog steeds	Nog altyd/voortdurend [2 woorde.]
Nogal	Taamlik/in 'n sekere mate. [Daar bestaan nie in Afrikaans 'n woord soos "nogal**s**"nie.]
Nuuskierig	Brandend om te weet/weetgierig. [Afgelei van die woord "nuus" en "gierig".]
O	
Onderklere	Klere wat onder boklere gedra word. [Nie onderkleure njie. Vgl. Klere.]
Ongeluk	Ramp/teenspoed. [Werner was in 'n motorongeluk betrokke. Nie o**m**geluk nie.]
Onmiddellik	Dadelik/terstond. [2 d's én 2 l'e!].
Ons s'n	Behorende aan ons (besitlike voornaamwoord. Dit word nie **SIN** nie, maar **s'n** gespel.]
Op pad	Onderweg na. [altyd 2 woorde.]
Opvang	Om iets op te gaar (versamel); [Die boer vang al die reënwater op.] Waarneem met behulp van 'n instrument of toestel soos 'n radio of TV [Ek vang RSG met my radio op.]
P	
Paadjie	Die verkleiningsvorm van pad/weg. [word met 'n dubbel a gespel. Daar is nie 'n woord soos paaitjie nie.]
Pad	'n Strook grond wat gelyk en hard gemaak is vir die verkeer tussen verskillende plekke.
Pa-hulle	Pa en diegene wat by/saam met hom is.
Pakkette	Die meervoudsvorm van pakket. 'n Klein pak met 'n aantal voorwerpe in gewoonlik in papier toegewikkel of toegedraai.
Parallel	'n Lyn of vlak wat ewewydig is aan 'n ander lyn of vlak. [Krugerstraat en Booysenstraat loop parallel aan mekaar.] Ooreenkoms. [Daar is 'n duidelike parallel tussen Afrikaans en Nederlands.]
Persent	Die selfstandige naamwoord vir elke honderd/per honderd (%).
Plakkaat	'n Kennisgewing/advertensie wat opgeplak word.
Present	Geskenk.
R	
Rassisme	Uitgangspunt dat karakter en bekwaamheid deur ras bepaal word.
Rebelleer	In opstand teen iets/iemand is/kom. [2 l'e.]
Regtig	Werklik.
Rêrig	Regtig/werklik [onthou die kappie.]
Restaurant	Openbare inrigting waar voorbereide etes en drank bedien word.
Restourant	Openbare inrigting waar voorbereide etes en drank bedien word. [dit kan op een van 2 maniere gespel word.]
Rivier	Natuurlike stroom water wat in die see vloei.
Ruimte	Plek waarbinne jy kan leef/beweeg.
Rumoer	Geraas/lawaai/opskudding.
Rym	Gelykheid van klanke in die laaste woorde van versreëls. [nie r**ui**m nie.]
S	
Salaris	Betaling vir gelewerde dienste.

S'n	Besitlike voornaamwoord-eenheid by bv. ons s'n hulle s'n en julle s'n.]
So pas	Iets wat nou net gebeur het [2 woorde.]
Sosiale media	Die meervoudsvormvan "sosiale medium". [Forums soos Twitter, Facebook ens.]
Stadion	Groot sportterrein met onderdak oplopende rye sitplekke daaromheen.
Stadium	Tydperk/periode/fase.
Stres	Spanningsdruk/spanning. [Daar is net 1 s aan die einde van die woord in Afrikaans.]
Suggereer	Voorstel.
Suster	Dogter of vrou wat dieselfde ouers as jyself het. ["Sister" is Engels.]
T	
Tatoeëer	Figure op die menslike vel intken/inprik.
Terselfdertyd	Op dieselfde tyd/tegelykertyd. [Let op die **r** in die middel van die woord.]
Tuisland	'n Woord wat ons nie meer gebruik nie. In die apartheidsjare het dit verwys na die swart mense se "land van herkoms".
V	
Vaderland	Geboorteland/land van herkoms. [Nie moederland nie; dit is Engels.]
Veraltyd	[Daar bestaan nie 'n spelwyse soos hierdie nie. Dit moet 2 woorde wees: "vir altyd".]
Verras	Onverwags te voorskyn kom/oorval/oorrompel/betrap.
Vra	Om iemand iets te versoek. [Natasha vra Dawid hoe laat dit is.]
Vrae	Die meervoudsvorm van vraag. [Die vraestel bestaan uit 10 vrae.]
Vulstasie	Plek waar brandstof (petrol) uit 'n pomp verkry word.]
Vyfuur	Tydstip in die oggend vroeg of laatmiddag. [Dit is altyd een woord in Afrikaans: sesuur, twaalfuur, drie-uur.]
W	
Waardeer	Om iets op prys te stel of na waarde te skat. [Anél waardeer André se hulp met die Wiskunde. Letterkunde kan ook waardeer word: "Winternag" is 'n Afrikaanse gedig wat deur baie leerders op skool waardeer word.]
Waardeur	'n Voornaamwoord wat "deur wat" beteken [Die gat waardeur die jakkals gekruip het, is nog nie toegemaak nie.]
Woensdagoggend	Die oggend van Woensdag. [Altyd 1 woord in Afrikaans; ook Saterdagoggend ens.]